Ges 231 Drank: Euwel van Misbruik [txt. 17 Sept. 1944

B 25: 2, 4
N 84: 6

Jes. 5: 11

Jes. 5: 1-15.

Inl: Opsomming preek vanoggend om geheel te kry. Herhaal: ① syfers; ② blukes; ③ nie blukes.
- Gebruik veroorloof mr. ook dan afvra:
a) Tot eer van God?
b) Tot voordeel v. m/mens?
c) " geluk " mysef?
Kant nooit vergeet: ek het plig t/oor mysef (matighd, selfbeheersing) t/oor my naaste (mede-verantwd), t/oer d. Meester (reinhd & vrugbaarhd geest. lewe).

Vfa praat oor d. misbruik: die euwels van drankmisbruik, hulle oorsake & oplossing. As ek dkor praat dan nie omdat ek „plesier" wil bedrief, ens. - my eie stapt & wl. - mr. omdat ek gevaar sien & wil help. Nie eendag sê: Te laat!

Die euwels:

① Drankmisbruik lei tot d. verlies v. gesondheid:
Gedeeltige misbruik van drank moet een of ander tyd hom laat geld. Hoor wat sê baie vername dokter in S.A. onlangs: „50% van ons swaksinniges daar as gevolg van drank. Van die 10,000 e wat

elke jaar ons Klinieke vir behandeling ~~be-~~ ~~soek~~ vir gedagneëktes besoek is min 75% in die toestand as gevolg van drank. Alleen d. geneesheer weet watter rol drank speel in d. ontstaan en verspreiding v. hd. genoemde siekte sowel as van tering!"

Dr Louis P. Bosman L.V. onlangs op groot massavergadering in K/S. stadsaal: „Ek pers. as geneeskundige geen groter vloek op God se aardbodem ken as alkohol nie, en sprekend as 'n dokter, dan geen groter vloek bestaan wat in d. mediese wêr. bekend is nie".

② Lei tot misdaad: Uitsprake regters in S.A.: a) Klenaling tot 5 jr. harde-arbeid mens moord op 4 jarige dogtertjie: „90% van alle misdaad oor vaneke wanneer onder invloed v. drank". Ander: „Sestien ernstige sake v. moord ens. behandel — uitvan 11 uit drank voortvloei".

③ Verlies werk + betrekkings: Drank laat jou jou werk verwaarloos, kwaai, halfhartig werk: bring alles deur om net geld vir drank te kry: huis, goed ens.! Kan werk op lang duur nie behou: (bv. voorman op stasie by Wellington). Een ding vang ander

④ Verlies huisl. geluk: Band man + vrou verbreek, band kinders verpletter, huisl. geluk alleen weg. Hoe baie nie reeds ondervind watter ellendes smart, bitterhd. daaruit gebore! Lei tot: egskeidings (1943) jeugmisdaad

⑤ Verlies Karakter: Sulke instinkte seëvier met loop v tyd — fyner gevoelens word afgestomp: onder invloed van drank doen mens dinge waaroor jy later bitter berou het!

Oorsake:

① Oorlog met sy verbrokkelende invloede

② Swak huisl. lewe & ~~tug~~ "kinders laat begaan"

③ Verdringing gesonde ~~Xt~~ sosiale gewoontes:
- outydse leefwyse
- vandag: skemerkelkies ens.

④ Magtige invloed drankhandel:
- groot kapitaal
- geweldige propaganda (advertensies)
- toenemende geriewe. (hotelle ens.)

~~4~~ ⑤ Swak Evangelisasie:

Redmiddels: Baie meen: hopeloos. „Sal altyd drank wees" Antw.: Kan net so goed sê: „Altyd sonde wees, armoede wees" Geen argument.

① Regte vb. van ouers op kinders
- gebruik drank in huis, in kroeë ens.
- skemerkelkpartytjies
- partytjie met drank.

② Skepping gesonde atmosfeer huis:
- gevaar uithuisigheid. Huis aantreklik maak vir kinders.

③ Mannie dronkaard verag nie: baie meer pers. belangstelling & aandag & gebed

* Gesamentlik: Propaganda

① Einde smokkelhandel maak
② Beter behuising & ontspanning kleurlinge
③ Strenger kontrole.
④ Matigheidsonderrig kinders
⑤ Vroue & moeders opvoed om hulle roeping te besef! (Pamflet)
⑥ Gewete volk wakkerskud
⑦ Evangelisasie: oneindige waarde van 'n mensesiel

Nie net vir bid nie, maar ook van vir begin werk. Gevaar Vryd[illegible] & Kerk: reken biddag sal eenvoudig regmaak. Gebed sonder d. uitvoering is nutteloos — bespot!

Huistoe gaan & vra: Here wat kan ek doen? Dan sal dinge regkom & dit goedgaan met ons volk!
Amen

Gen 4: 1, 5.
" 33: 2
Jes. 62: 7

Drank: Gevaar van Gebruik [Lxt 17 Sept. '44

Rom. 13: 8-14
14: 13-23

Rom. 13: 13 -

- Oproep Mod. i/s toenemende drankmisbruik: Vr. dadelik opgekom: Is dit nodig.? Nie nr meer geval waar Kerk skree: „Wolf. wolf!"

Beswaar baie: - Kerk altyd een deuntjie: waarsku teen drank, dans, onsedelikheid. Kan van mense buite verstaan mr. tragiese is dat lidmate Kerk daaraan meedoen, hulle dit laat gebruik!

Antwd: hoekom noodsaaklik?

① Ontstellende syfers:
- 300,000 (1939-43)
1943: vanuisse mens drankoortredings: 175,740.
1943: " " drankenskap (blank + nie-b):
- 52,353 - 4695 meer as 1942.
(1300 elke week - 180 elke dag)
1943: vanuisse vroue (b+ nie-b) mens drankoortreding 7000 meer as in 1942.
1939-1943: Omset drankhandel £120,000,000.

② Toestande blankes:
- Uitspraak Veldm. Smuts 1943:
„Bekommerd oor toenemende drankmisbruik in leër". Geest. hoogstaande soldaat, man van opvoeding + karakter aan predikant v ons Kerk: „ „Voor die oorlog ..."

③
- publieke danspartye
- dames in „lounges".
- gevaar sterk drank op huwelike
- gevaar mening: niks sukses wat nie drank het nie.

(8) Toestande nie-blankes: – Toneele wat hulle daagliks in Boland afspeel: dronkenskap, onsedelikheid, siekte, moord ens.!

So verslag = gevolg: a) geen gesonde arbeiders

b) Boshuite Boereverenigings omdat hulle sien: ~~dit~~ hulle toekomsbestaan word kleinkrag se ondergang – en hulle gaan saam!

c) Aanklag opgevoede Kleurlinge: Kerklike vergadering waar blank & nie-blank saam was sprake van beter behuising. Gekleurling byna soos een man opgestaan: "Wat ons wil hê is nie beter huise – ~~gee~~ ~~nug~~ vir ons nugter mense!"

– Toestande natuurlik net so erg!

Mag nie as kerk sê: sluit: onthou aan wyding!

– Mr. bywaarskuwing nodig te onderskei:

A gebruik – blm. dfoor

B. – Misbruik bla hloor.

Miskien vra: Wat is stapt. kerk? Mag ek dan geen drank gebruik? Ek wil liewer vra: Wat is stapt Gods Wd?

Dan my antwd: Bybel verbied nêrens die gebruik v. sterk drank nie – die op sigself verkeerd. Mr. Gods Wd.

Waarsku teen: (1) misbruik & gevolge

(2) gebruik wat lei tot misbruik

want nie alleen is misbruik verkeerd mr. ook in d. gebruik dik lê gevaar opgesluit: gevare wat ons moet sien

(1) Gebruik kan lei tot misbruik: Begin vandag met sopie & eindig by bottel. Begin eenmaal per week & eindig op 10 maal per dag. Drank is harde & listige meester: nie net alleen verdowingsmiddel mr. ook verslawingsmiddel.

Baie sê: sterk genoeg om te keer voor dit te ver gaan. Antwd: Mens ken hp nooit so goed om so iets te sê nie. Hoe baie dit gesê: – en berou!

(2) Nadelige vb. swakkeres: Ek miskien sterk genoeg: maar wat van swakkeres – wat nie kan nee sê, wat nie kan ophou? My vb. nie vir hulle – Is ek 'n versoeking word nie? Is ek dan nie mede-skuldig, aandadig aan val van dd. man of vrou?

– H. Kinders: ~~misstaan~~ let: dansparty ~~rede~~ nie.

Baie sê: geld ook vir rook, dans, koffie drink, te buite gaan in ect., oordoen in spot ens.

Antwd: Ja – vir enigets = ~~by~~ veral drank!

Wat dan as leidraad i.v.m. gebruik:

① sal ek God daarmee verheerlik

② sal ek my naaste d/deur help

③ " " myself d/d. versterk, veredel, verryk!

- Teenoor myself & t.o.v. my medemens.

Plg: ① selfbeheersing in alle omste

(Gal. 5: 22)

② Xt. verantwd: Rom. 14: 21

③ vh J.X. as finale antwd:

- ligg. gesondhd

- sedel. reinhd, matighd

- geest. ~~ongehardhd~~!

# 'N UITDAGING AAN DIE VROUE VAN SUID-AFRIKA

*Gepubliseer deur die S.A. Matigheidsbond, 325-7 Fletcher se Geboue, Kaapstad.*
Julie, 1944.

In verband met 'n sekere voorkoms van drinkery deur Suid-Afrikaanse vrouens, het die ,,Tribune'' twaalf maande gelede opgemerk: ,,Dit is 'n voortdurende wonder vir sommige van ons dat ons vêrsiende en groothartige vroueleiers nie bymekaar kom en hierdie probleem op 'n nasionale skaal met ope oog en moed aanpak nie.'' Daardie uitdaging is van toepassing in alle erns op die wyer en ernstige nasionale gevaar tot onsself en die toekoms van ons land geskep deur die omvang van drinkery en dronkenskap wat bemerk word in steeds toenemende mate onder vroue en jong mense.

'n Week of twee gelede was dit gesê dat die Johannesburg se Assistent-Mediese Offisier van Gesondheid in verband met die gevalle van witseerkeel in Johannesburg, gesê het: ,,Die ongevoeligheid van baie ouers is skokkend. Alleenlik as hulle 'n ramp in die gesig staar sal hulle iets doen.'' Daardie aanmerking het betrekking op die bedreiging van Drank ook.

In sy hoedanigheid as Moderator van die Sinode van die Transvaalse Ned. H. of G. Kerk, het Ds. W. Nicol in sy rapport aan die Sinode aanmerking gemaak op die nuwe verskynsel dat jong Afrikaners versuim om lede van die Kerk te word, en dat ouers versuim om hulle kinders te laat doop.

Die Aartsbiskop van Kaapstad het verlede maand die aanmerking gemaak dat Suid-Afrikaners nalatig was in hulle verantwoordelikheid as burgers van 'n groot land, en het beweer: ,,Dit is omdat ons 'n luie en lafhartige koers geneem het, dat dinge geword het wat hulle is.'' Amper terselfdertyd het die Direkteur van Demobilisasie en ander vooraanstaande amptenare Suid-Afrika en die Suid-Afrikaners ernstig gekritiseer vir hulle selfsugtigheid, onverskilligheid en selfgenoegsaamheid.

In weinige opsigte, indien enige, is die onverskilligheid van ouers, en miskien vroue in besonder, meer opmerklik dan met betrekking tot die bedreiging van drankgewoontes. Hierdie mislukking is op die oomblik miskien meer in die ooglopend in oorsese lande, maar daar is ernstige rede om te vrees dat as ons teenswoordige gedragslyn toegelaat word om voort te gaan, die vreeslike toestande in ander lande in die nabye toekoms in Suid-Afrika voortgeplant sal word.

Die offisiële syfers vir oortredings van vrouens vir dronkenskap in die Unie in 1943 verteenwoordig 'n aansienlike vermeerdering teenoor die vir 1942; en in Johannesburg in 1942 was amper die helfte van die 903 oortredings van blanke vrouens.

## S.A. MEDIESE OPINIE.

Die vermeerdering van Drankgewoontes is destemeer gewigtig met die oog op die baie duidelike waarskuwings gegee deur mediese skrywers in ons vooraanstaande Suid-Afrikaanse nuusblaaie. 'n Paar dae gelede het een van hierdie skrywers verklaar: ,,Baie van ons jong dogters drink glad te veel by partye en danse. Die uitwerking van alkohol is nie alleenlik nadelig vir die menslike sisteem nie, maar bring mee geestelike en morele ontaarding, soos ek aangedui het in my artikels.'' Hierdie van 'n ander vooraanstaande daaglikse koerant: ,,Ek sê sonder te aarsel dat die jeug nie alkohol nodig het nie en hulle behoort dit nie te neem nie, en dit is tien keer meer waar as daar enige senuweeagtige gebrek aan balans of histeria is.'' En hierdie van een van ons mediese skrywers twee of drie weke gelede: ,,Op geen stadium van my loopbaan het ek so baie alkoholiste behandel soos teenswoordig nie.'' En hierdie onlangs aangaande skemerdrankies: ,,Almal sal saamstem dat skemerdrankies uiters sleg is vir die jeug. Hulle gebruik beskadig die maag en lê die fondament vir 'n gewoonte.'' By geleentheid van die Massavergadering wat in die Stadsaal, Kaapstad, 'n paar weke gelede gehou was, het Dr. Louis P. Bosman, L.V., verklaar en beklemtoon: **,,Laat my in die allereerste plaas sê dat ek persoonlik as 'n geneeskundige geen groter vloek op God se aardbodem ken as alkohol nie, en sprekend as 'n dokter, daar geen groter vloek bestaan nie wat in die mediese wêreld bekend is.''** Ten slotte, uit 'n rykdom van waarskuwende tekens, is daar die gewigtige feit dat by Stellenbosch, in die hart van die Suid-Afrikaanse wyn industrie distrik, die Kristelike Studente Vereniging onlangs besluit het om onder geen omstandighede die gebruik van alkoholiese drank in hulle hoofkwartier geboue toe te laat nie, die gebruik van wyn vir heildronke by huweliksvierings 'n belangrike faktor synde wat die besluit steun.

Weens die gevalle van drank met betrekking daartoe, is dit goed daarop te let dat dit verwag word dat die hoogste syfers vir egskeidings in die Unie in 1943 vanjaar aan flenters geslaan sal word.

## VERSKRIKLIKE TOESTANDE IN GROOT BRITTANJE.

Laat ons nou kyk na die posisie oorsee, want, nieteenstaande verskillende toestande en onderskeidende kulturele strewe en verandering van die industriële faktor, oorlogs toestande en die gees van die eeu bedreig Suid-Afrika met 'n toestand van sake wat die ernstigste onrus in ander lande veroorsaak, die golwe waarvan alreeds besig is om ons kuste binne te stroom, en kan nie by Mev. Partington se stofdoek van vroom besluite bly nie, nog minder by 'n invloedryke sameswering van stilte in hoë plekke.

In Groot Brittanje het die bedaarde en matige "British Weekly" binne die laaste paar weke twee artikels gepubliseer onder die onderskeidelike titels ,,Die Duiwel Loop Rond'' en ,,'n Nasionale Gevaar'' waarin skerpe kritiek

voorkom aangaande die omvang van onsedelikheid in stede, dorpe en klein dorpies, tegelykertyd met die herkenning van die drankeuwel as 'n toenemende nasionale bedreiging en onmatige drinkery as 'n ernstige nasionale gevaar. (Die Redakteur van die „B.W." het met betrekking tot 'n artikel deur sy weeklikse kolomskrywer nodig gevind om „'n predikant se beskuldigings van besonderhede soos dié wat rein verbeeldings vir altyd mag bederwe weg te krap.") „Daar sal groot moeilikheid wees wanneer dit alles verby is. Dit is nie alleen bomme en koeëls wat lewes verwoes nie," is die Redakteur se kommentaar.

Sosiale euwels in verskriklike vorms en mate het onder aandag gekom toe predikante, dokters, staatsmanne, sosiale werkers, en advokate by Central Hall in Londen 'n vreeslike morele onderwêreld van hierdie oorlogsdae openbaar het. Dr. Hastings, Voorsitter van die Londense Graafskapsraad het saamgestem met die Predikante dat die moeilikheid hoofsaaklik aan drank toe te skrywe is, en was hierin deur Dr. Charles Hill, die "Radio Dokter" ondersteun, wat aangedring het dat die uitwerking van alkohol „deur die hoëre sinne te onderdruk en die dierlike sinne toe te laat om voort te gaan," meer uitgebreid onderrig moet word. Mev. Corbet, Vrederegter en lid van die L.C.C. het getuig van die wydverspreide aanloklikhede deur soldate aan meisies nie alleenlik uit huise waar ouers nalatig is nie, maar ook uit goeieklas en Christelike families. Die ontmoeting word deur 'n ervare joernalis beskryf as „die verskriklikste aanklag van drank" wat hy ken, met die geweldigste veroordeling van mense wat nie afskaffers is nie, en wat die feite van professionele of publieke lewe ken.

Van Regters, vooraanstaande koerante, Heilsleer sosiale werkers, Jeugkomitees, dorps- en stadsmagistrate, Kerkleiers, Hoofkonstabels, Lisensie Regters en baie ander bronne kom 'n stygende kresendo van waarskuwing teen die dreigende ramp wat onstaan uit 'n vryheid wat in lisensie ontwikkel het en lisensie wat op sy beurt ontwikkel het—veral aangaande vroue en meisies—tot losbandigheid—met drank altyd die vernaamste oorsaak. Een van die jongste rapporte wat ter hand gekom het, het in die "Manchester Evening Chronicle" verskyn, wat meld dat die Sekretaris van die Empire Society of Teachers of Dancing gesê het: „Ons is nie skynheilig nie, maar ons glo dat dans en drank tesame 'n gruwel is."

Van Amerika word 'n allerskrikwekkende toestand van sake miskien genoegsaam aangedui deur die volgende verklarings wat onlangs gemaak is in die "Chicago Herald-American," deur die wêreldberoemde joernaliste Kathleen Norris:

### KATHLEEN NORRIS Sê:

„Vir geslagte het die worsteling van vroue om hierdie vloek te bedwing die een wanhopige poging van hul lewe verteenwoordig, die een vurige gebed van hul hart.

„Dit is 'n treurige ding, dit is 'n bitter refleksie op die kode en karakter van Amerikaanse vroue vandag, dat hierdie vloek uitgebrei word om hulle in te sluit; dat duisende van ons vroue—en volstrek nie ons armste vroue nie, volstrek nie dié vroue wat tot die laagste stadium van vernedering geval het nie—hulself willekeurig in die groep van dronkaards plaas.

„Dit is treurig dat die vroue van die land in gewoontes verval wat hulle nie alleenlik verneder nie, maar wat ook die nie-onwillige mans met hulle saamneem.

„Geen vyfde-kolom, geen sabotasie deel ons land 'n skerper, 'n verraderliker slag toe dan hierdie nie."

Burgermeester La Guardia, van New York, het aan die Pepper Juvenile Delinquency Sub-Committee gesê: „Ek het nie 'n obsessie vir sommige van hierdie dinge nie, maar drank is een van die oorsake." Die Uitvoerende Sekretaris van die Social Hygiene Society in die distrik van Columbia het gerapporteer dat 88 leerlinge, 15 jaar oud of onder, van skole ontslaan is gedurende die laaste fiskale jaar weens swangerskap, en 'n verdere 45 was afwesig om hul suigelinge op te pas.

Die „American Issue" kommenteer hierop as volg: „Die hedendaagse salon is die laagste wat Amerika ooit geken het. Jeugdige oortredingssake bewys dit."

### J. EDGAR HOOVER GESKOK EN VERSKRIK.

J. Edgar Hoover, Direkteur van die Federale Buro van Ondersoek, sê: „Ek word nie maklik geskok of verskrik nie. Maar vandag, soos duisende andere, is ek geskok en verskrik. Die inhegtenisneming van seuns en meisies onder die ouderdom van twintig jaar, dwarsdeur die land is skokkend. Sommige van die misdade wat deur jongelinge gepleeg word is byna onuitspreeklik. Ontering, moord, verkragting. Hierdie is lelike woorde, maar dit is 'n lelike situasie.As ons reg is, moet ons dit in die gesig staar.

„'n Mens lees in die nuuskolomme van die mees in die ooglopende sake. Die gemene kinema bende-aanranding in New York. Die boosaardige treinspoormoord in Houston. Die tragiese saak van die 16 jarige seun in Michigan wat sy klein sustertjie na onnoembare wreedhede vermoor het. Hierdie is nie afgesonderde gruwels van 'n ander wêreld nie. Hulle is gevaartekens waaraan elke ouer—elke verantwoordelike Amerikaner aandag behoort te gee. Hierdie is kentekens—van 'n toestand wat dreig om 'n nuwe verlore ge-

slag te ontwikkel, meer hopeloos verlore dan enige wat voorafgegaan het.

**ONDER TWINTIGJARIGE INHEGTENISNEMINGS.**

,,Oorweeg: In die laaste jaar was 17 persent meer seuns onder 21 in hegtenis geneem vir aanranding dan die vorige jaar, 26 persent meer vir wangedrag, 30 persent meer vir dronkenskap, 10 persent meer vir verkragting. En dit nieteenstaande die feit dat baie van hierdie ouderdomsgroep alreeds oorlog-toe gegaan het of produktief in diens was. Vir dogters is die syfers selfs nog meer verskrikkend; 39 persent meer vir dronkenskap; 64 persent meer vir ontering; 69 persent meer vir wangedrag, 124 persent vir rondswerwery.

,,En hierdie was slegs dié wat in hegtenis geneem was—die gevordere gevalle.

**ONGEDISIPLINEERD.**

,,Die ander dag het 'n vriend van my, wat 'n Polisiehoof is, 'n 15 jarige dogter uit 'n kroeg sien kom. Sy het klaarblyklik gedrink. Die Hoof het haar en haar familie geken—ordentlike, ernstig-gesinde mense. Geskok het hy die dogter huis-toe na haar moeder geneem. Hy het dit aan my vertel as 'n voorbeeld hoe ook die beste huise getref word.

,,Maar vir my was die res van sy storie nog merkwaardiger. Hy het verwag dat die kind se moeder ontsteld sou wees, en dit was sy—maar nie op die manier wat hy verwag het nie. Sy was ontsteld oor die smaad wat hy oor die dogter gebring het deurdat hy haar huis-toe gebring het. Natuurlik het die meisie verkeerd gehandel, het sy erken; maar sy moes toegelaat geword het om vir haarself te sorg. Dit, het die moeder aangedring, is die manier om 'n kind se karakter te ontwikkel.

**'N VERSPOTTE TEORIE.**

,,En dit, dring ek aan, is die soort verspotte teorie wat die fondament vir ons teenswoordige golf van onder twintig jarige moeilikheid gelê het.

,,Ek is seker dat die gemiddelde ouer te maklik oorrompel word met die ou argument 'Al die ander kinders word toegelaat om dit te doen.' Iemand moet die lyn iewers trek, anders kan hierdie regverdiging versprei soos 'n kettingbrief. Natuurlik, verskillende ouers het verskillende idees omtrent wat hulle kinders toegelaat moet word, maar dit is tyd dat ouers sekere definitiewe reëls vind om op te verenig.''

Tyd en spasie kan nie die talryke getuienisse van soortgelyke aard van publieke amptenare en invloedryke manne en vroue boekstaaf nie, wat nie slimversinde fabels in hierdie saak gevolg het maar wat hulle bewerings en waarskuwings op feite wat maar te klaarblyklik is baseer; die S.A. Matigheidsbond se breedvoerige lêers is altyd beskikbaar vir deurlesing.

In sy boek ,,Matigheid en Politiek,'' merk Lord Astor op: ,,Dan. ook, die regte van Mnr. Toper se vrou en kinders om liewers in 'n huis te woon dan in 'n hel moet strewe om die eise van die sterkes aan toegewendheid en sogenaamde vryheid te oorweldig.

**DIE VROUE STEMREG.**

,,En agter dit alles skuil die vrouestemreg. Totnogtoe het dit nie uitdrukking gegee nie. Dit sal nooit aan die kant van Drank en die Drank Seekat wees nie. Wanneer dit wakker skrik en beweeg, sal dit enige party wegvee wat die onbeskaamde eis van die Drankhandel om die Goewerments-gedragslyn te bepaal eerste plaas.''

**AAN SUID-AFRIKAANSE VROUE.**

Wat doen ons Afrikaanse vroue aan die ernstige bedreiging—in hulle politieke lewe, in hulle publieke lewe, in hulle sosiale lewe, in hulle private lewe en in hulle huislike lewe? Die toekoms van ons geliefde land lê, soos altyd, by die moeders van die volk, wat as hulle maar die gevare in ag geneem het, Rispas voor God sou word in hulle besorgdheid oor hulle kinders.

,,Toe neem die koning die twee seuns van Rispa en het hulle opgehang op die berg.

,,En Rispa, die dogter van Aja, het 'n sak geneem en dit vir haar oopgespan op die rots, van die begin van die oes af totdat daar water uit die hemel op hulle gegiet het, en sy het die voëls van die hemel oordag en die diere van die veld snags nie toegelaat om op hulle te gaan sit nie.'' (2 Sam. 21).

Ons dien hierdie artikel in as 'N UITDAGING AAN DIE VROUE VAN SUID-AFRIKA.

H.R.C.

## MY VOORBEELD . . . .

Deur **A. F. Mouton.**

En hy waggel in die straat,
En hy weet nie wat hy praat;
Want die wyn is in sy tong,
En die tering is in sy long . . .

Sou dit ek wees wat daar sterf? Ek?
Nee, deur Gods Genade, dis nie ek!
Dis my voorbeeld wat daar sterwend val,
In sy eie bloed en wyn verstik—dis al!

(,,Jong Suid-Afrika.'')

En Hy het vir sy disiepels gesê: Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as 'n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel. Lukas 17: 1 en 2.



25466/1m/8/44. FEDERAL, C.T.